# HOOFSTUK 10

# *DIE SESESSIESTREWE*

## 10.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat verskillende beskouings oor die deelbaarheid van die Britse Kroon die vertrekpunt was waarop politici hul argumente vir of teen die ontvoogding van die Britse konneksie gebou het. Aan die een kant was daar diegene wat die kroon as deelbaar beskou het, wat van mening was dat sesessie die antwoord was om Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid tot sy reg te laat kom. Sesessie of afskeiding was die strewe, veral onder Nasionaliste, om die Unie van Suid-Afrika uit die Britse Gemenebes van Nasies los te maak. Vir baie Nasionaliste was die verkryging van 'n Republiek die logiese eindpunt in die strewe na soewereine onafhanklikheid.

Aan die ander kant was daar diegene wat die kroon as ondeelbaar beskou het, vir wie die handhawing van die Britse konneksie hul primêre politieke doelstelling was. Vir hierdie groep het Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid gerym met sy lidmaatskap van die Britse Gemenebes. Sesessie was vir die teenstanders daarvan onnodig en het vir hulle op troubreuk neergekom.

Die wortels van die spanning oor Suid-Afrika se sesessiereg kan sedert 1912 in die botsing tussen die destydse Eerste Minister, generaal Louis Botha, en sy Minister van Justisie, generaal J.B.M. Hertzog, gevind word.

Hertzog se slagspreuk van **Suid-Afrika Eerste**[1] het reeds die kiem van die latere sesessiestrewes bevat. Dit het hom in botsing gebring met Botha, wat die Britse konneksie sterk gekoester het. Hy was oortuig dat dit Suid-Afrika se eer en plig was om Brittanje in 'n oorlog teen Duitsland te ondersteun.[2] Hieroor het baie Afrikaners egter anders gevoel. Dit het onder andere tot die Rebellie gelei, met sy onderliggende motief om Britse bande te verbreek en 'n eertydse republikeinse vryheid te herstel.[3]

---

1 Kyk hoofstuk 1, pp.17,18.

2 Kyk hoofstuk 1, p.18.

3 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.202,203.

Intussen het Hertzog in 1914 die NP gestig. Artikel 4 van die Program van Beginsels het Nasionaliste se vryheidstrewe só omskryf dat dit as't ware 'n ultimatum aan die Britse konneksie gestel het.[4]

Nasionaliste het gedurende die oorlogsjare sterk stimuli vir hul sesessiestrewe deur die uitsprake van Wilson en George ontvang.[5] Na die oorlog het 'n reeks gebeure Nasionaliste se begeerte om die Britse konneksie te verbreek, onderstreep.

Artikel 4 van die Program van Beginsels is só gewysig dat die reg op sesessie onomwonde uitgespel is.[6] Daarbenewens het Hertzog 'n vryheidsdeputasie na Parys gelei met die doel om die eertydse Boererepublieke, Oranje-Vrystaat en Transvaal, se onafhanklike status te herstel.[7] Teen die einde van 1920 het die Federale Raad van die NP 'n verklaring uitgereik oor die konstitusionele verhouding tussen die Unie en Brittanje. In dié verklaring het die sesessiestrewe van Nasionaliste weer sterk na vore getree.

Teenoor die sesessiestandpunt van Hertzog en sy volgelinge het Botha en Smuts met hul pro-Britse Ryksgesindheid gestaan.

Botha het op 15 Mei 1918 tydens die SAP-kongres daarop gewys dat 'n Republiek net tot wapengeweld sou aanleiding gee. In die loop van 1918 het hy sy anti-Republikeinse standpunt verskeie kere herhaal.[8] Smuts het by Botha aangesluit met sy ontkenning dat Suid-Afrika die reg gehad het om hom van die Britse Ryk los te maak. Afskeiding was volgens hom 'n onwettige en onnodige konstitusionele weg om in te slaan. Hy het, anders as Hertzog, gemeen dat Suid-Afrika binne die Britse Ryk tot volwaardige onafhanklike status kon groei.[9]

---

4 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.69: Nasionale Party beginsels, konstitutie en statuten, 7-9 Jan. 1914.

5 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.320,321.

6 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.67: Nasionale Party, program van beginsels, 1921; vgl. L.E. Neame, ***General Hertzog*** ..., p.266.

7 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 4 ..., {Hertzog se boodskap namens die Vryheidsdeputasie aan die Afrikanervolk, 4 Mrt. 1919}, pp.77,78.

8 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 6 ..., p.272; vgl. O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., p.331.

9 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., p.348.

Die skerp verskil tussen die NP en die SAP oor Suid-Afrika se reg op sesessie het talle versoeningspogings sedert 1920 tussen dié twee partye verongeluk.[10]

Sesessie was enersyds 'n verdelingselement, soos hierbo geblyk het, tussen die NP en die SAP en andersyds 'n samebindingselement tussen laasgenoemde en die Unionisteparty onder leiding van sir Thomas Smartt. Die twee partye het met hul begeerte om Suid-Afrika se Britse konneksie stewig te hou, aansluiting by mekaar gevind.[11]

Smuts het tydens die SAP se verkiesingsveldtog in 1920 sy anti-sesessiegevoel só uitgedruk: ""Secession means the blasting of all great hopes which have sustained our people in the past."[12] Die SAP het tydens die 1921-verkiesing op die sesessievraagstuk gefokus.[13]

F.H.P. Creswell, leier van die AP, het, anders as Smuts, ekonomiese probleme beklemtoon. Soos voor die 1920-verkiesing het hy sy party ten gunste van die handhawing van die Britse konneksie verbind.[14]

Die NP het, soos die AP, nie die 1921-verkiesing met die sesessie as verkiesingstrydpunt benader nie. Die NP het sy aandag veral aan ekonomiese vraagstukke gewy.[15]

Smuts het waarskynlik die nadele van afskeiding van die Britse Ryk oortuigend genoeg aan kiesers voorgehou. Dit het daartoe bygedra dat hy die verkiesing van 1921 gewen het.

Smuts het geglo dat afskeidingsbewegings van die Britse Ryk deur die omskrywing van dominiums se regte en status voorkom kon word. Hy moes nogtans weë vind om die afskeidingsbeweging van die Britse Ryk hok te slaan. Hy het geglo dat

---

10 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 4 ..., {brief van Smuts aan Hertzog, 20 Mrt. 1920}, pp.165,166; B.M. Schoeman, ***Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika*** ..., p.97; vgl. H. Britz, ***The politics of South Africa: democracy and racial diversity***, p.8; A.J. Toynbee (Ed.), ***British Commonwealth relations: proceedings of the first unofficial conference in Toronto, 11-12 Sep. 1933***, p.124.

11 P.F. van der Schyff, ***Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek*** ..., p.157.

12 W.K. Hancock, ***Smuts 2: the fields of force*** ..., p.18.

13 P.F. van der Schyff, ***Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek*** ..., p.161.

14 H.B. Koen, ***F.H.P. Cresswell en die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty***, pp.168,177.

15 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.410,411.

verbrokkeling van die Britse Ryk sinvol teëgewerk kon word indien dominiums se regte en status goed omskryf is. Vir laasgenoemde doel het Smuts in 1921 'n memorandum opgestel[16] om tydens die 1921-konferensie 'n algemene verklaring van konstitusionele regte van dominiums goedgekeur te kry. Die gety was waarskynlik nog nie daarvoor reg nie. Ander dominiums soos Australië en Nieu-Seeland het nie die belangrikheid daarvan met Smuts gedeel nie en gevolglik moes hy die saak laat vaar.[17]

Sedertdien was daar aanduidings dat Hertzog nie oorhaastig was om Suid-Afrika se Britse konneksie te verbreek nie.[18] Smuts het Hertzog se koersaanpassing met betrekking tot sesessie met agterdog bejeën en daarop gewys dat Nasionaliste se uitsprake oor die kwessie nie konsekwent was nie.[19]

Roos het juis in 1925 met sy leier, Hertzog, gebots,[20] aangesien hy verklaar het dat sesessie van die Britse Ryk die uiteindelike doel van die NP was.[21] Na die Balfour-verklaring van 1926 het Hertzog se houding met betrekking tot sesessie radikaal verander van wat dit voor 1924 was. Een van sy biograwe, stel dit só: "So at last Hertzog, the enemy of Empire, accepted the British Empire - when it had ceased to be an Empire."[22]

Hierdie houdingsverandering van Hertzog het daartoe gelei dat die NP in 1928 op sy voorstel Artikel 4 van hul Program van Beginsels weer gewysig het. In die wysiging het die NP te kenne gegee dat hy die Balfour-verklaring aanneem en sy soewereine onafhanklikheid wou beskerm.[23] Hierdie wysiging het Hertzog in skerp botsing met Republikeinsgesinde Nasionaliste gebring, wat steeds Suid-Afrika se reg op sesessie

---

16 M.H. Trümpelmann, ***Generaal J.C. Smuts as premier*** ..., pp.324-327.

17 M.H. Trümpelmann, ***Generaal J.C. Smuts as premier*** ..., pp.324-326.

18 G.D. Scholtz, ***Hertzog en Smuts en die Britse Ryk***, p.87; vgl. J.H. le Roux, ***Die Engelssprekende as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1925-1932*** (ongep. D.Phil.-proefskrif, UOVS, 1977), p.26.

19 J.H. le Roux, ***Die Engelssprekende as faktor*** ..., p.26.

20 L.E. Neame, ***General Hertzog*** ..., p.253.

21 J.H. le Roux, ***Die Engelssprekende as faktor*** ..., p.26.

22 L.E. Neame, ***General Hertzog*** ..., p.253.

23 INEG, Bloemfontein, Federale Raad van die Nasionale Party, PV 54, lêer I, Korrespondensie, notules van die Federale Raad en bylaes: notule, 15 Mei 1928.

wou beklemtoon. Ongelukkigheid onder die Republikeine het hulle beweeg om op 26 Mei 1930 die Republikeinse Bond te stig.

N.J. van der Merwe, NP-LV vir Winburg, senator T.C. Visser en ds. C.W.M. du Toit, NP-LV vir Edenburg, het 'n leidende rol in hierdie beweging gespeel. Die Republikeine se oogmerke ten opsigte van Suid-Afrika se Britse konneksie was baie duidelik. Dit was hul oortuiging dat noue verbintenis met die Britse Kroon 'n ware Suid-Afrikaanse nasionalisme ondermyn het. Die bond wou nie 'n aparte politieke party word nie, maar sou die publiek teen gevaarlike Ryksgesinde politieke neigings gewaarsku het. Dit het ook as wegwyser gedien om aan te dui dat Suid-Afrika 'n beter toekoms, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk, tegemoet kon gaan.[24]

Hertzog en Smuts se beskouings oor sesessie aan die begin van die dertigerjare sou tydens die 1930-Parlementsitting duidelik na vore tree.

Die vraag kan dus gevra word of Hertzog en Smuts aan die begin van die dertigerjare dit oor Suid-Afrika se reg op sesessie roerend eens was. Die antwoord hierop het uit die Parlementsitting van 1930 na vore getree.

Hertzog het gesê dat dit nog altyd sy standpunt was dat Suid-Afrika die reg op sesessie besit het. Volgens hom was Smuts se interpretasie van bogenoemde verslag, dat dit die reg op sesessie heeltemal uitskakel, 'n totale mistasting.[25]

## 10.2 DIE SESESSIEVRAAGSTUK IN DIE DERTIGERJARE

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat Hertzog en Smuts steeds skerp verskil het oor die vraag of Suid-Afrika die reg op sesessie van die Britse Ryk gehad het.[26] Verdere verskille tussen Hertzog en Smuts oor hierdie saak het ook in die loop van 1930 na vore getree. Hertzog het voor sy vertrek na die Rykskonferensie sy standpunt en houding wat hy tydens die Parlementsitting jeens sesessie ingeneem het, toegelig. Hoewel hy nie van die Rykskonferensie 'n verklaring oor sesessie verwag het nie, moes konferensiegangers kennis naam dat Suid-Afrika nie sy reg op sesessie sou

---

24 F.A. van Jaarsveld & G.D. Scholtz (reds.), ***Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan ...***, pp.167,168.

25 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 20 Mei 1930, kol. 5021,5022,5075-5078.

26 Kyk hoofstuk 2, pp.41,42; vgl. INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P27.75: J.J. Haywood, Buitelandse sake 4, s.j; A.B. Keith, ***Letters on imperial relations: Indian Reform Constitutional and International Law, 1916-1935***, pp.95-97.

prysgee nie.[27] Sy standpunt het ook uit 'n gesprek tussen sir William Jowitt, die Britse Prokureur-generaal, en E.H. Louw, Suid-Afrika se gevolmagtigde in Washington, na vore gekom.

Louw se vertolking van die Balfour-verklaring was dat dit aan Suid-Afrika die reg op sesessie verleen het. Hy het in sy gesprek met Jowitt gesê dat as die reg op sesessie ontken word, dit die ondergrawing van die gelykheidsbeginsel, waarop in 1926 ooreengekom is, geïmpliseer het.[28]

Terwyl Louw dit onomwonde gestel het dat Hertzog op Suid-Afrika se reg op sesessie sou aandring, het Jowitt die teenoorgestelde visie gehuldig: "I cannot see how we could possibly concede that a dominion has the right to secede. Our government would be swept out of office if we should agree to that. There would be a howl all over England that we were breaking up the Empire."[29]

Die Balfour-verklaring van 1926 was ewe-eens nie 'n klinkklare dokument wat die reg op sesessie bevestig of teëgespreek het nie. Ten minste een gesaghebbende politikus, Ramsay MacDonald, destydse Eerste Minister van Brittanje, het in 'n gesprek met Charles te Water, Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen, daarna as 'n vae dokument sonder enige noemenswaardige betekenis verwys.[30]

Hoewel die 1930-Rykskonferensie hoofsaaklik vanweë die wêreldwye depressie aan ekonomiese vraagstukke sou aandag gee, het die bespreking van dominiale wetgewing ook deel van die sakelys uitgemaak.[31]

Dit was eintlik Hertzog se afsydige houding jeens die Republikeinse Nasionaliste, veral tydens die stigting van die Republikeinse Bond en nie soseer anti-sesessie-

27 F.J. du T. Spies (red.), ***Die Hertzogtoesprake***, deel 5 ..., {Hertzog se toespraak in Pretoria, 29 Jul. 1930}, p.246.

28 INEG, Bloemfontein, E.H. Louw-versameling, PV 4, lêer 2, Algemene korrespondensie, 1930-1937: brief van E.H. Louw aan D.F. Malan, 4 Sep. 1930.

29 INEG, Bloemfontein, E.H. Louw-versameling, PV 4, lêer 2, Algemene korrespondensie, 1930-1937: brief van E.H. Louw aan D.F. Malan, 4 Sep. 1930.

30 CAD, Pretoria, C.T. te Water collection, A 78, vol. 13. Prime Minister, 1930: letter from C.T. te Water to J.B.M. Hertzog, 14 Mar. 1930.

31 J.H. le Roux (reds.), ***Generaal J.B.M. Hertzog*** ..., p.318.

uitsprake as sodanig nie, waarin lede van die opposisie en hul persorgane hulle verlustig het.

Selfs ***The Natal Mercury*** het Hertzog se standpunt teen die Republikeine onderskryf. Volgens dié blad het Hertzog voldoende bewys gelewer dat hy die afskeidingsbeweging van die Ryk vaarwel toegeroep het.[32] By hierdie standpunt het die ***Cape Times*** aangesluit deur daarop te wys dat dit Hertzog se erns was om die Republikeine skerp teë te spreek.[33]

Die ***Rand Daily Mail*** het hom ewe-eens in Hertzog se kille houding jeens die Republikeine verheug. Die blad het verklaar dat Hertzog finaal van die spookbeelde van sesessie afgesien het.[34] J.H. Hofmeyr, SAP-LV vir Johannesburg-Noord, het op 12 Desember 1930 tydens 'n openbare vergadering in Parktown-Noord gesê: "We rejoice in general Hertzog's change of attitude." Hy het daaraan toegevoeg dat Suid-Afrika nie die prys wou betaal om 'n nuwe Republikeinse party te sien verrys nie.[35]

Net na die verskyning van die Statuut van Westminster het Louw op 10 Januarie 1932 tydens 'n vergadering van die National Woman's Party in Washington weer die sesessievraagstuk bespreek. Louw het daarop gewys dat sesessie van sekere faktore afhanklik was. In die Unie van Suid-Afrika moes Engelssprekendes eers die land se nuwe status onder die Statuut van Westminster aanvaar. Engelssprekendes moes ook bereid wees om hulself ten volle met die lot van Suid-Afrikaners te vereenselwig, selfs al het die belange van Suid-Afrika met dié van Groot Brittanje gebots.[36]

Hertzog se uitsprake oor sesessie het soms verwarring meegebring. Daarvan getuig I.G. Visser, 'n sterk Republikein en latere senator, met die volgende opmerking: "Hertzog is alles behalwe oortuigend omtrent ons reg van sesessie. Aan die

---

32 ***The Natal Mercury***, 31 Jul. 1930: editorial.

33 ***Cape Times***, 30 Jul. 1930: editorial.

34 ***Rand Daily Mail***, 5 Dec. 1930: editorial.

35 ***Rand Daily Mail***, 13 Dec. 1930: report.

36 INEG, Bloemfontein, E.H. Louw-versameling, PV 4, lêer 29: toesprake en verklarings van E.H. Louw, Jan 1932 - Jun. 1932.

eenkant beweer hy dat ons die reg het en dan erken hy weer dat sesessie 'n onkonstitusionele daad van geweld beteken."[37]

Die sesessievraagstuk was in die loop van 1933 en 1934 dikwels die kerntwispunt van politieke debatte. Pas nadat Hertzog en Smuts se Sewepunt-ooreenkoms oor koalisie in Februarie 1933 bekend gestel is, het ***Die Burger*** daarop gewys dat Hertzog en Smuts lynreg van mekaar met betrekking tot Suid-Afrika se reg op sesessie verskil het.[38] Smuts en die SAP het nog altyd die kardinale beginsel van die NP, naamlik die sesessiereg, verwerp. Hertzog het nietemin daarop aangedring dat die NP met so 'n party moes saamsmelt. Wat vir hom en die NP in 1930 nog 'n kernbeginsel was, naamlik die handhawing van die afskeidingsreg van Suid-Afrika, sou glad nie vir die saamgesmelte party van enige belang wees nie. ***Die Burger*** het dus gevoel dat Nasionaliste se konstitusionele beginsels ter wille van sy samewerking met Smuts deur Hertzog opgeoffer is.[39]

Hertzog het baie gou besef dat Nasionaliste aangedring het op die duidelike omlyning van hul beginsels vir die vasstelling van 'n program van ooreenkoms met die SAP. Hy was die mening toegedaan dat dit onredelik en onverstandig sou wees van Nasionaliste om daarop aan te dring dat blote akademiese vraagstukke, soos die reg op sesessie, in die Program van Beginsels opgeneem moes word. Dit sou volgens Hertzog eerder die indruk wek dat Suid-Afrikaners aan hul reg op sesessie getwyfel het.[40]

Die feit dat Nasionaliste anders daaroor gevoel het, spreek onder andere uit die optrede van die Hoofbestuur van die NP in Transvaal, wat tydens 'n vergadering op 25 November 1933 'n memorandum opgestel het waarin hulle belangrike beginsels vervat het. Die doel daarmee was om aan Hertzog hul basis vir 'n vereniging met Smuts oor te dra. As uitgangspunt het die Nasionaliste die Statuut van Westminster gebruik om aan te toon dat Suid-Afrika kragtens dié Wet as

---

37 INEG, Bloemfontein, I.G. Visser-versameling, PV 181, lêer 5/2/2/2: dagboek 1, 23 Des. 1930 - 3 Apr. 1932.

38 ***Die Burger***, 16 Feb. 1933: hoofartikel.

39 ***Die Burger***, 7 Des. 1933: hoofartikel.

40 SAB, Pretoria, J.B.M. Hertzog-versameling, A 292: dagboek van Hertzog gehou tydens Rykskonferensie, 1926, asook notas met betrekking tot onderhoude met kollegas, 1928-1936.

soewereine onafhanklike staat die volste reg gehad het om van die Britse Ryk af te skei en om propaganda vir 'n Republiek te maak.[41]

Van der Merwe het hom as vurige Republikein van die Vrystaat aan die kant van ***Die Burger*** en Nasionaliste van Transvaal teen samesmelting geskaar. Hy het op 9 Oktober 1933 'n verklaring aan ***Die Volksblad*** oor die kwessie van samesmelting uitgereik. Hierin het hy daarop gewys dat die NP 'n denkrigting verteenwoordig het waarin nadruk gelê is op die Unie se soewereine volksregte, die vorm van volksregering waarna die Afrikanervolk gestreef het en die reg om van die Britse Ryk af te skei. Volgens Van der Merwe het hierdie ideale van die NP radikaal van diegene soos Hertzog verskil, wat van mening was dat die konstitusionele beginsels van Nasionaliste slegs akademiese sake en twisappels in die samesmeltingspoging was.[42]

Net soos Smuts wat in 1921 'n verklaring oor dominiums se status van die Rykskonferensie verlang het, en soos Hertzog wat in 1926 by die Rykskonferensie daarop aangedring het om dominiums se status duidelik omskryf te kry, het die NP van Kaapland se Hoofbestuur gedurende 1933 van Hertzog 'n skriftelike onderneming oor die erkenning van nasionale beginsels vereis.

Vroeg in 1934 was dit daarom reeds duidelik dat die breuk tussen Hertzog en Republikeinsgesinde Nasionaliste in 'n groot mate deur die erkenning of ontkenning van die Britse konneksie bepaal is.

Aan die begin van Februarie 1934 het Malan en Hertzog 'n paar keer ontmoet ten einde eenheid in die NP te herstel. Volgens Hertzog sou dit 'n fatale misstap gewees het om die reg op sesessie in die Program van Beginsels vir 'n nuwe party in te sluit.[43]

Smuts en Hertzog het in die opstel van die nuwe party se konstitusie sesessie ontken, deurdat hulle die behoud van die Unie se bestaande konstitusionele posisie

---

41 ***Die Burger***, 27 Nov. 1933: berig.

42 ***Die Volksblad***, 9 Okt. 1933: berig. {Van der Merwe het verwys na Hertzog en veral Smuts en volgelinge wat dikwels die terme gebruik het}.

43 SAB, Pretoria, J.B.M. Hertzog-versameling, A 292, Dagboek van Hertzog: brief van J.B.M. Hertzog aan D.F. Malan, 8 Feb. 1934.

met Brittanje goedgekeur het. Hierdie daad het Malan en sy volgelinge as troubreuk beskou. Dit het die finale skeuring van die NP ingelei.[44]

Smuts was oortuig dat die meerderheid in die nuwe party die Britse konneksie aanvaar het. Volgens Smuts was die deur van die nuwe party nie oop vir diegene wat Republikeinse propaganda wou maak nie. Diegene wat van die Britse Ryk wou afskei, was nie in die nuwe party welkom nie. Hy was nogtans daarvan oortuig dat die party talle Republikeine in sy midde gehad het wat in daardie stadium die Britse konneksie aanvaar het.[45]

Tydens die bespreking van die Statuswetsontwerpe in 1934 het 'n groot meningsverskil oor wat die Wetsontwerpe ten opsigte van Suid-Afrika se status beteken het, aan die lig gekom. Die SAP het ontken dat die Statuswetsontwerp aan die Unie van Suid-Afrika enige reg op afskeiding verleen het. Daarvan het Smuts,[46] E.A. Joubert,[47] SAP-LV vir Mowbray, en Leslie Blackwell, SAP-LV vir Kensington,[48] se toesprake getuig.

Tydens die Ryksdagbanket in Mei 1934 het Smuts hom soos volg oor sesessie uitgelaat: "I have no doubt that what we have done here has made secession, so far as South Africa is concerned, as dead as the dodo. Never has secession from the Empire been more of an impossibility than it is today."[49] Na afloop van die debatte oor die Statuswette het Smuts op 3 Julie 1934 in Port Elizabeth gesê dat daar geen kwessie van afskeiding meer bestaan het nie. Volgens hom was Suid-Afrika se Britse konneksie buite gevaar. Smuts het bygevoeg dat Artikel 2 van die nuwe party se Program van Beginsels[50] dit onomwonde gestel het dat Suid-Afrika die Britse konneksie gehandhaaf het.[51]

---

44 N. Stultz, ***The electoral revival of the National Party in South Africa ...***, pp.39,40.

45 ***The Star***, 23 Jan. 1934: report.

46 Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, 11 Apr. 1934, kol. 2082,2293.

47 Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, 11 Apr. 1934, kol. 2266.

48 Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, 9 Apr. 1934, kol. 2082.

49 ***The Star***, 25 May 1934: report.

50 United Party Archives, UNISA, Pretoria, Congresses, 1934-1948, vol. 1: programme of principles of the United South African National Party, 5 Dec. 1934.

51 ***Die Burger***, 4 Jul. 1934: berig.

Lede van die NP het die teenoorgestelde standpunt gehuldig. Volgens J.G. Strijdom,[52] S.P. le Roux, NP-LV vir Oudtshoorn,[53] C.W.M. du Toit, NP-LV vir Colesberg,[54] en J.J. Haywood, NP-LV vir Bloemfontein-Suid,[55] sou die Statuswetsontwerp aan Suid-Afrika die reg verleen om van die Britse Ryk af te skei. Dr. D.F. Malan, leier van die NP in Kaapland, het hom ook by die groep gevoeg. Hy het op die Kaaplandse NP-kongres op 25 Julie 1934 aangetoon dat sy party die Statuswette as die erkenning van Suid-Afrika se reg op sesessie gesien het.[56] Malan het hierdie standpunt van hom herhaal toe hy op 7 September in Pretoria gesê het dat die NP nog altyd op die reg op sesessie aangedring het. Die party het deurgaans teen die Britse konneksie beswaar gemaak en het steeds die deur vir 'n Republiek oopgelaat. Malan het ook daarop gewys dat Smuts en die SAP nog altyd die teenoorgestelde standpunt ingeneem het.[57] Hy het op 8 September opnuut beklemtoon dat die Unie die reg op sesessie besit het en nie Groot Brittanje se toestemming daarvoor nodig gehad het nie.[58]

Die Dominiumparty het die Statuswette ewe-eens as 'n magtiging deur die Britse Regering aan Suid-Afrika om van die Britse Ryk af te skei, beskou. Stallard het tydens die bespreking van die Statuswetsontwerp 'n amendement ingedien wat, volgens hom, as teëvoeter moes dien vir die Wetsontwerp wat neutraliteit, sesessie en deelbaarheid van die kroon ingehou het.[59]

Vir lede van die Dominiumparty het die Britse konneksie hoofsaaklik in die wetlike verbintenis van die Unie van Suid-Afrika aan die Britse Parlement bestaan. Daarom het hulle dan ook gemeen dat Suid-Afrika met die aanname van die Statuswette reeds van die Britse Ryk afgeskei het.

---

52 Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, 11 Apr. 1934, kol. 2316.

53 Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, 12 Apr. 1934, kol. 2360.

54 Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, 12 Apr. 1934, kol. 2374.

55 Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, 12 Apr. 1934, kol. 2384.

56 ***The Star***, 26 Jul. 1934: report.

57 ***The Star***, 8 Sep. 1934: report.

58 ***The Star***, 10 Sep. 1934: report; vgl. F. Clarke, "South Africa becomes a nation: the struggle for independence", ***Current History***, vol. 42, no. 4, Jul. 1935, p.378.

59 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 23 Apr. 1934, kol. 2890.

Oor Malan se uitlatings oor die wenslikheid van sesessie het Hertzog hom nie onbetuig gelaat nie. Inteendeel, hy het veral tydens sy Vrystaatse toer in September, en ook daarna, sterk standpunt daaroor ingeneem. Hertzog het homself as 'n Republikein beskou en tog beklemtoon dat hy Republikeinse propaganda met alle mag sou beveg. Hy was dit met Smuts eens dat geen georganiseerde Republikeinse propaganda binne die nuwe party toegelaat moes word nie.[60] Hertzog se opmerking dat hy homself as 'n Republikein beskou het, maar nie Republikeinse propaganda sou duld nie, het daarop gedui dat hy sesessie teoreties erken het, maar nie in die praktyk daarvoor wou voorbrand maak nie.

Hierteenoor was die sesessiestrewe onder Nasionaliste in Transvaal besonder sterk. Daarvan getuig onder andere die feit dat die Hoofbestuur van die NP in Transvaal, voor die stigting van die VP in Desember 1934, Artikel 4 van die NP se konstitusie wou wysig. Hulle wou die doelwit na 'n suiwer Suid-Afrikaanse Republiek, afgeskei van die Britse Kroon en Ryk, in hierdie Artikel duideliker nastreef.[61]

Op die eerste kongres van die Gesuiwerde Nasionale Party van Transvaal,[62] wat op 16 en 17 April 1935 in Pretoria plaasgevind het, het die sesessiestrewe duidelik na vore gekom. Kongresgangers het met verskeie beskrywingspunte die wysiging van Artikel 4 versoek. Die Artikel moes dit duidelik uitspel dat die party na 'n Republiek, afgeskei van die Britse Ryk, streef.[63] Die Transvalers se begeerte was juis dat die Federale Raad van die NP hul Program van Beginsels só moes bewoord dat Artikel 4 die strewe na sesessie en 'n Republiek duideliker sou uitspel.[64]

Hoewel Malan van die Transvaalse Nasionaliste verskil het oor die wenslikheid om hulle weergawe van Artikel 4 in die NP se Program van Beginsels opgeneem te

60 SAB, Pretoria, J.C.G. Kemp-versameling, A 34, band 8, bylaag A, Publikasies en pamflette, partysake 7: F.C. Erasmus, Generaal Hertzog toe en nou, s.j.

61 INEG, Bloemfontein, M.M. Jansen-versameling, PV 157, lêer 1/3/1: Nasionale Party, agendas, notules, resolusies, 26 Okt. 1934.

62 J.H le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.614, {die minderheid van die Transvaalse Nasionale Party het tydens hul kongres van 8 en 9 Aug. 1934 in Pretoria teen samesmelting gestem en die Gehandhaafde Nasionale Party in Transvaal gestig}.

63 INEG, Bloemfontein, M.M. Jansen-versameling, PV 157, lêer 1/3/1: Nasionale Party, program van die eerste kongres van die (Gehandhaafde) Nasionale Party, 16 en 17 Apr. 1935.

64 SAB, Pretoria, J.G. Strijdom-versameling, A 2, band 35, no. 29, Handelinge Hoofbestuur Nasionale Party, 26 Apr. 1925 - 30 Okt. 1936: brief van J.G. Strijdom aan P. Smal, 24 Jun. 1935; vgl. Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, N.J. van der Merwe-versameling, Aanwins 110, Korrespondensie politiek, 1936: brief van die Direkteure, Transvaalse Pers Beperk aan D.F. Malan, 23 Jun. 1936.

kry,[65] het die standpunt van die Transvalers tog geseëvier. Beide die Kaapprovinsie[66] en die Vrystaat[67] se Program van Beginsels het daarom ook sesessie en die Republikeinse strewe sterk beklemtoon.

Vir 'n klompie Republikeine was hierdie Republikeinse strewe nog nie sterk genoeg gestel nie. Strijdom, self 'n vurige Republikein, het in 'n lywige brief aan die Redakteur van ***Die Republikein***, offisiële orgaan van die NP sedert 1934,[68] daarop gewys dat Republiekstigting op die breë volkswil berus het.[69] Ter ondersteuning van ***Die Burger*** en ***Die Volksblad***, het 'n nasionaalgesinde nuwe dagblad, ***Die Transvaler***, hom in 1937 by Republikeinsgesindes in hul strewe tot ontvoogding van Suid-Afrika se Britse konneksie gevoeg.[70] ***Die Volksblad*** het die oplewing van die Republikeinse ideaal as 'n natuurlike reaksie op die gevolg van die samesmeltingsbeweging beskryf. Die blad het bygevoeg dat 'n menigte Nasionaliste in die stigting van die VP die vernietiging van dié ideaal gesien het. Gevolglik het hulle besluit om dit weer op te bou.[71]

Teen 1935 het daar 'n hele paar duidelik onderskeibare politieke beskouings oor Suid-Afrika se Britse konneksie uitgekristaliseer. Die VP, onder leiding van Hertzog, het Suid-Afrika se band met die Britse Gemenebes van Nasies as baie belangrik geag. Die Britse konneksie het volgens dié party op 'n gesonde vriendskapsverhouding berus. Hoewel die party gemeen het dat Suid-Afrika volledig vry en onafhanklik was, was hierdie vryheid alleen moontlik indien die band tussen Suid-Afrika en Engeland heg gebly het.

---

65 SAB, Pretoria, J.G. Strijdom-versameling, A 2, band 40, Handelinge Federale Raad van die Nasionale Party, 5 Jul. 1935 - 2 Mei 1958: brief van D.F. Malan aan J.G. Strijdom, 8 Sep. 1935.

66 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.89: die Nasionale Party van die Kaapprovinsie, program van beginsels, 1937.

67 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.105: Nasionale Party van die OVS, beginsels, konstitusie en statute, 1936.

68 INEG, Bloemfontein, M.M. Jansen-versameling, PV 157, lêer 2/28/2: korrespondensie, omsendbriewe no. 1, 1934.

69 SAB, Pretoria, J.G. Strijdom-versameling, A 2, band 53, Republikeinse strewe, 27 Jun. 1936 - 12 Sep. 1952: brief van J.G. Strijdom aan die Redakteur van ***Die Republikein***, 27 Jun. 1936.

70 INEG, Bloemfontein, C.R. Swart-versameling, PV 18, lêer 3/1/18, Algemeen 3/1, korrespondensie 1937: brief van H.F. Verwoerd aan C.R. Swart, 1 Sep. 1937.

71 ***Die Volksblad***, 28 Jan. 1935: hoofartikel.

Hieroor het Smuts op 12 Oktober 1935 op Ottosdal tydens 'n VP-vergadering gesê: "We are free today, as free as any other nation in the world; but we must not push our greatest friend." Om die arm van jou vriend te draai, het vir die VP neergekom op verraad. Dit was juis, volgens Smuts, wat Malan en die Gesuiwerde Nasionale Party besig was om te doen. Smuts het in dié toespraak die Gesuiwerde Nasionale Party so opgesom: "In place of friendship Dr. Malan wanted enmity and the complete severance of all ties."[72]

Volgens die VP was dit nie meer wettige bande wat die Britse Gemenebes gebind het nie. Oswald Pirow, Minister van Spoorweë, het op 5 Desember 1935 tydens 'n openbare vergadering in Port Elizabeth gesê dat die Britse Gemenebes nie deur konstitusionele dokumente verbind was nie, maar deur vryheid, onderlinge verstandhouding en gemeenskaplike belange.[73]

***The Star*** was sterk ten gunste van enige verbintenis wat werklik die Britse Ryk tot 'n hegte eenheid sou kon saamsnoer. Volgens die blad was daar geen bewys dat konstitusionele en wetlike bande outomaties eenheid kon meebring nie, tensy dit deur algemene goedkeuring gerugsteun is.[74]

Volgens Smuts was die band tussen Suid-Afrika en Brittanje besonder stewig. Hy was van mening dat die grootmoedigheid van die Britse Regering, deur die goedkeuring van die Statuswette, Suid-Afrika meer aan Brittanje gebind het as wat enige wetlike bande dit kon doen.[75]

Die siening van die VP en sy ondersteuners oor die reg op sesessie van die Britse Gemenebes, het ***The Star*** in die volgende woorde goed weergegee: "In logic and common sense of course, there can be no right of secession, and we have never known any responsible South African politician or publicist to suggest there was."[76]

***The Cape Argus*** was ook skerp teen sesessie gekant. Die blad wys daarop dat die openbare mening onder swart inwoners teen sesessie 'n weerspieëling van hulle angsgevoel was dat Suid-Afrika sy Britse konneksie sou verbreek. Daardie gevoel

72 ***The Star***, 12 Oct. 1935: report.

73 ***The Star***, 6 Dec. 1935: report.

74 ***The Star***, 9 Apr. 1935: editorial.

75 ***The Star***, 28 Sep. 1935: editorial.

76 ***The Star***, 26 Feb. 1935: editorial.

sou volgens dié blad tot 'n uitbarsting teen die Regering lei.[77] Hoewel ***The Cape Argus*** bloot bespiegel het, was hulle waarskynlik reg.

Gesaghebbende Amerikaanse historici het in hul beskrywing van die swart mense se politieke aktiwiteite in Suid-Afrika lig gewerp op die swart mense se koestering van die Britse konneksie en hul onderlinge vrees vir sesessie.[78]

Die swart mense het sedert Uniewording hulleself as Britse onderdane beskou en 'n hoë premie op die Britse Koning as hul beskermheer geplaas. Gevolglik het hulle dikwels hul trou en lojaliteit teenoor die Britse Koning bewys.[79] Die Britse konneksie was vir hulle die enigste weg waardeur hulle deelname aan die politieke proses van Suid-Afrika kon bekom. Hul strewe na die behoud van die Britse konneksie het dus in wese oor die strewe na stemreg gegaan. Hierdie strewe het talle petisies waarin die stemreg aan swart mense in Suid-Afrika deur Brittanje se bemiddeling bepleit is, tot gevolg gehad.[80]

Sesessie was dus vir die swart mense taboe. Dit verklaar die houding van die Industrial and Commercial Workers Union (ICU) wat in reaksie op 'n Republikeinse neiging wat in 1922 onder blanke mynwerkers in Johannesburg voorgekom het, 'n oproep op swart mense tot lojale ondersteuning van die Britse Koning gedoen het.[81]

Baie swart mense was bevrees dat die Statuswet die Britse Koning uit die Unie se politieke arena sou uitrangeer. Die kwessie van swart mense se stemreg sou dan aan die genade van die Unieregering uitgelewer wees.[82]

---

77 ***The Cape Argus***, 21 Sep. 1935: editorial, (die blad wou hierdie argument van swart openbare mening gebruik om aan die Regering te toon dat inlywing van die Britse Hoë Kommissaris-gebiede by Suid-Afrika nie gewens was nie).

78 T. Karis & G.M. Carter (Eds.), ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964***, vol. 1 ..., pp.64,67.

79 T. Karis & G.M. Carter (Eds.), ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964***, vol. 1 ..., pp.64,138.

80 T. Karis & G.M. Carter (Eds.), ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964***, vol. 1 ..., p.11.

81 T. Karis & G.M. Carter (Eds.), ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964***, vol. 1 ..., p.146.

82 T. Karis & G.M. Carter (Eds.), ***From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa, 1882-1964***, vol. 1 ..., p.28.

Terwyl sesessie dus vir die swart mense hul kanse om stemreg te bekom, sou belemmer, het dit vir blanke Nasionaliste 'n heel ander betekenis ingehou. Gevolglik het die swart mense hul visie van vryheid op die behoud van die Britse konneksie gebou. Die Nasionaliste het egter hul strewe na vryheid op die verbreking van die Britse konneksie gegrond.

Die Gesuiwerde Nasionale Party, onder leiding van Malan, het ook soos Smuts geglo dat die Unie van Suid-Afrika vaster as ooit aan die Britse Gemenebes gebind was. Malan en sy ondersteuners het hierdie hegte Britse konneksie toegeskryf aan twee faktore. Eerstens was daar volgens hulle nog steeds, ondanks die Statuut van Westminster en die Statuswette, 'n hele paar konstitusionele bande wat Suid-Afrika aan die Britse Gemenebes gebind het. Tweedens het die VP hul hegte vriendskap met Brittanje so vertroetel dat Suid-Afrika se Britse konneksie daardeur moes verstewig. Malan en die NP het nie ingesien dat die Unie van Suid-Afrika se vryheid en veiligheid binne die Britse Gemenebes van Nasies kon ontwikkel nie. Daar was maar net een weg wat oorgebly het, naamlik sesessie, en dit moes uiteindelik op 'n Republiek vir Suid-Afrika uitloop. Malan het op 20 November 1935 tydens 'n Afrikanerdag op De Aar die NP se motief vir 'n Republikeinse strewe verduidelik. Aangesien die Unie soewereine onafhanklikheid op skrif verkry het, was die vraag wat met daardie onafhanklikheid gedoen moes word. Die VP het besluit om dit aan die Britse Gemenebes te verbind. Die NP wou dit egter gebruik om af te skei en na 'n Republiek te strewe.[83]

Beide Nasionaliste en ***Die Volksblad*** het geglo dat die volk van Suid-Afrika oortuig geraak het dat die enigste uitweg afskeiding van die Britse Ryk en die uitroep van 'n vrye Republiek was.[84]

***Die Burger*** het hom in Julie 1935 verheug in die Federale Raad van die NP se voorstel tydens hul kongres op 5 Julie in Bloemfontein dat die party, deur Artikel 4 in sy Program van Beginsels te wysig, 'n Republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse Kroon, wou verkry.[85] ***Die Burger*** het op 8 Julie vir die soveelste keer daarop

---

83 ***The Star***, 21 Nov. 1935: editorial.

84 ***Die Volksblad***, 4 Okt. 1935: hoofartikel.

85 ***Die Burger***, 6 Jul. 1935: hoofartikel.

gewys dat die NP met sy standpunt ten opsigte van afskeiding van die Britse Ryk, in skerp kontras met die VP gestaan het, wat die Britse konneksie wou handhaaf.[86]

## 10.3 SAMEVATTING

Die houding wat Hertzog sedert 1926 teenoor sesessie ingeneem het, het 'n stremmende invloed op Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie uitgeoefen. Dit het onder andere daartoe aanleiding gegee dat die gedagte dat die konstitusionele stryd afgehandel was, meer en meer byval gevind het.

Die enkele groot toets waaraan Suid-Afrika se Britse konneksie in die dertigerjare onderwerp is, het in 1939 gekom: sou Suid-Afrika neutraal staan in die oorlog waarin Brittanje gewikkel was? Hierdie groot uitdaging waarvoor Suid-Afrika te staan gekom het, word in die volgende hoofstuk behandel.

---oOOo---

86 *Die Burger*, 8 Jul. 1935: hoofartikel.